WELKOM BY LUCAS MEYER KOSHUIS

In LMS Koshuis is die doelwit baie sigbaar in die wyse waarop personeel en matrones hul bes doen om die koshuis werklik 'n verlengstuk van die ouerhuis te maak. Verskeie unieke aspekte gee ook aanleiding daartoe dat elke kind werklik kan weet dat daar beslis na sy of haar belange omgesien word. Daar is 6 diensdoenende personeel, twee matrones en die inwonende superintendent. Hoërskoolprefekte en laerskoolprefekte is verder behulpsaam om sake vlot te laat verloop. Die koshuis word verder bedien deur werkers wat toesien dat die koshuis vir inwoners en besoekers altyd in 'n uiters sindelike toestand is.

KOSHUISUITLEG

Die koshuisgebou bestaan uit 'n eet-, studie- en ontspanningsaal wat almal verbind is en geskei word deur groot skuifdeure. Die slaapkamers bestaan uit 6-bed kamers met ingeboude kaste, asook enkelkamers wat met openings verbind is. Die prefekte is bevoorreg om elk 'n eie kamer te hê. Die seunsafdeling bestaan uit 6 slaapkamers wat elke 6 leerlinge kan huisves. Daar is 'n superintendentswoonstel, asook 3 enkelwoonstelle vir diensdoenende personeel. 'n Interkomstelsel verbind alle vertrekke met die dienskamer en die superintendentswoonstel. Die koshuisgeboue is pragtig uitgeverf met byderwetse kleure en die eet-, studie- en ontspanningsale is voorsien met pragtige nuut gemaakte gordyne en LMS se eie kinderkuns wat bypassend geraam is, versier die mure. Die koshuisgeboue word omring deur goed versorgde grasperke en 'n tuin wat die omgewing mooi verfraai en 'n positiewe bydrae lewer tot die estetiese.

ONTSPANNING

Pragtig en goed versorgde speelterrein, sandput, swaaie, netbalpale, hokkiedoelhok en klimraam, asook die rugbyvelde en krieketnette is tot die leerlinge se beskikking. Verskeie rugby- en krieketwedstryde word gereeld om die koshuis gespeel wat menigte springbokspeler oopmond sal laat. In die ontspanningsaal het ons 'n TV en Videomasjien vir reëndae en spesiale geleenthede. Elke kwartaal word leerlinge op uitstappies geneem soos bv. hengel, swem, koek & tee, skiet ens.

KOMMUNIKASIE MET OUERHUIS

Twee kaarttelefone en 'n muntbus verskaf geleentheid vir ouers en inwoners om mekaar te skakel. Selfone word ook toegelaat. Skakeltye: 14:00 - 17:00; 18:00 - 18:30; 20:00 – 20:30.

Kaart tel nr	(034) 980-7368 / 982-2037
Matrone	(034) 982-2972
Superintendent	(034) 981-5042
Mnr. Cassie Smith	084 555 9546
Mev. Annelie Smith	083 400 5866
Skoolhoof	(034) 980-8575
Skoolkantoor	(034) 981-5006 / 981-5054
Skoolfaks	(034) 983-2127

WAT IS SPESIAAL OMTRENT LMS KOSHUIS

* Ons gee om vir jou kind en probeer ons bes om sy/haar veiligheid te verseker.

* Veilige omheining.

* Junior Fase personeel gee spesiaal aandag aan ons junior leerlinge.

* Senior leerlinge studeer by eie tafel in sy/haar kamer.

* Junior leerlinge stap saam met prefekte skool toe - veiligheid van leerlinge geniet hoë prioritieit.

* Juniors kry 'n broodjie vir 1e pouse.

* Leerlinge kry 'n middagete wat by die skool bedien word.

* Vars vrugte en nagereg word op 'n gereelde basis saam met etes bedien.

* Een ete per kwartaal word deur leerlinge en personeel voorberei - gewoonlik is dit 'n heerlike braai, pannekoekaand of hamburgeraand met bykosse.

* 'n Spesiale Kersete aan die einde van die jaar waartydens 'n driegangmaaltyd voorgesit word met 'n spesiale program tydens die ete.

* Hierdie ete word deur leerlinge self beplan en voorgesit.

* Snoepie is tot die leerlinge se beskikking.

* Leerlinge bring eie duvetstelle en matte na koshuis.

* 'n Urn met kookwater is tot koffie- en teedrinkers se beskikking, asook broodjies.

* Sportvelde bied veilige en ruim speelplek.

* Bring radio's en haardroërs koshuis toe.

* Stiltetyd vir fase eens word spesiaal gehou deur prefekte en personeel met hul eie Bybelstudieboek.

* Tydens aandete word Bybelstudieboek gevolg vir alle leerlinge.

* Geleentheid om Kerkaktiwiteite en CSV by te woon.

BESOEKE VAN OUERS/FAMILIE/VRIENDE

Indien die leerlinge enige besoekers ontvang moet die diensdoenende personeel of superintendent verwittig word. Leerlinge kan slegs met bogenoemde personeel se toestemming die terrein verlaat. U kind se veiligheid geniet by ons 'n hoë prioriteit.

DORPSDAG

Woensdagmiddag is algemene dorpsdag en die leerlinge kan vanaf 14:00 - 17:00 die dorp besoek. Leerlinge teken uit en ook terug vir hul dorpsbesoek.

KOSHUISGELDE

Die koshuisgelde is kwartaalliks vooruit betaalbaar by die skoolkantoor.

SAKGELD VIR LEERLINGE

Dit is noodsaaklik dat leerlinge hulle sakgeld inhandig vir veilige bewaring. Dit is ook verkieslik dat ouers van laerskoolleerlinge 'n bedrag by die skoolkantoor inbetaal vir noodgevalle.

ALGEMENE GEDRAG EN NETHEID

U kind moet asseblief van die nodige voorsien word, sodat hulle ten alle tye netjies en versorgd sal vertoon. Skerp dit ook by die huis in dat hul gedrag teenoor alle ander mense altyd onberispelik sal wees en lê ook klem op goeie tafelmaniere en gebruike. Skoolklere kan deur die koshuis gewas word, maar moet asseblief duidelik gemerk wees.

KLERELYS VIR LMS DOGTERS

3 groen skoolrokke, 5 kort wit bloesies, 1 paar swart skoolskoene, 4 paar skoolkouse, 1 donkergroen skooltrui, 1 skoolsweetpak, 6 groen broekies, 1 kamerjapon, 1 paar gemaklike skoene/tekkies, 1 reënjas/sambreel, 1 swart baaikostuum, 1 handdoek, 2 pakke nagklere, sakdoeke/snesies, onderklere by gewone drag, 1 badhanddoek, toiletware, 1 wasgoedsak, ontspanningsklere vir 1 week, 1 goeie kodeslot, sportklere soos deur die skool voorgeskryf.

KLERELYS VIR LMS SEUNS

3 grys kort/langbroeke, 5 wit skoolhemde, 1 paar swart skoolskoene, 4 paar skoolkouse, 1 donkergroen skooltrui, 1 skoolsweetpak, 1 kamerjapon, 1 paar gemaklike skoene/tekkies, 1 reënjas/sambreel, 1 swart baaikostuum, 1 handdoek, 2 pakke nagklere, sakdoeke/snesies, 6 onderbroeke, 1 badhanddoek, toiletware, 1 wasgoedsak, ontspanningsklere vir 1 week, 1 goeie kodeslot, sportklere soos deur die skool voorgeskryf.